NG Kerk Vier Ankers se
# Ankerglans
Uitgawe 23
Kwartaal 3 en 4 - 2020
Sasolburg




## Basaar 2020

***Vanjaar se basaar het op Vrydag, 27 November, plaasgevind. Dit was 'n anderse basaar - 'n gemaskerde basaar.***

Die tafelverkopers het baie moeite gedoen om hul produkte vinnig en veilig verkoopbaar te stel. Die mense het letterlik kom haal en betaal.

Die braaivleisvure het meegehelp dat geen goggas of enige vlieënde C19-ongediertes kon deel aan die fees nie. Die buitelugbraai het ook gesorg dat die basaar se aroma weereens deur Sasolburg versprei.

Corna se inisiatief om basaarpakkette, aan tehuise te lewer, het kerkbasaarvreugde tot in die seniorburgers se kamers gebring. Groot dank aan almal wat gehelp het om van die gemaskerde basaar 'n groot sukses te maak. Die gees van 'n kerkbasaar word nie gegrendel nie!



Braam en Flip het die roosters laat draai.



Martie en Annelie hou 'n wakende oog oor die manne se braai resultate.

Ondersteunend

## Dr Roelf fokus op ...



...die moontlikheid om die Wit-Olifant-Artikels, op die *internet*, aan te bied. Vele artikels, wat geskenk is, het nog 'n nuttigheidswaarde en of selfs 'n versamelingskarakter. Die bostaande foto toon dr Roelf Pienaar met 'n geskenkte kamera.




Rudie het gesorg dat die kole braaigereed is en dat die roosters gelaai bly.